

BEREDDERING

Betaal 2 keer vir 1 boedel

Vraag: As 'n man sterf, wat binne gemeenskap van goedere getroud is, is eksekuteursgelde betaalbaar om die boedel te beredder.

Moet daar weer eksekuteursgelde betaal word om die boedel te beredder wanneer die vrou tot sterwe kom? Daar word in so 'n geval dus twee keer betaal.

Laurette Koen, 'n lid van die Fidusiêre Instituut van Suid-Afrika (Fisa) en fidusiêre adviseur van PSG Konsult Trust in George, antwoord:

Ja, eksekuteursgelde word betaal elke keer wanneer 'n persoon sterf en sy of haar boedel beredder word.

Weens die huweliksgoederebedeling in hierdie voorbeeld (binne gemeenskap van goedere) sal dieselfde bates in albei boedels (dié van die man en ook later dié van sy vrou) voorkom, en word eksekuteursgelde gehef op “dieselfde bates”, wat die uitwerking het van dubbele eksekuteursvergoeding.

Die vrou kan natuurlik die bates ná haar man se dood “verkoop en uitleef” en met haar afsterwe is haar boedel dan moontlik heelwat kleiner, wat minder eksekuteursgelde tot gevolg het.

Maar die eksekuteursgelde sal wel weer by haar afsterwe bereken word op die bates in haar boedel met haar afsterwe.